


14-4 Wat eers vir my 'n bate was

FILIPPENSE 3:7-12



Wat eers vir my 'n ba - te was
be - skou ek nou as net 'n las.
Dis niks teen wat ek al - les wen
om Chris - tus as my Heer te ken.

- 2 Omdat ek glo, is ek vergeef
en vrygespreek om te kan leef.
Niks kon ek doen - maar deur die Gees
laat God my een met Christus wees.
- 3 Mag ek al meer, as God se kind,
die krag van Christus ondervind -
die krag wat my uit lyding, nood
met Hom laat opstaan uit die dood.
- 4 Ek span my in om te verkry
wat Christus vir my voorberei.
Ek gee myself, my hele saak,
aan Hom wat my sy eie maak.

Teks: Attie van der Colf

Melodie: ROCKINGHAM - ca 1780; aangepas Edward Miller 1790